Printed by Creda Communications

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

# WETSONTWERP

**Tot wysiging van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Weddery, 1996, om verder voorsiening te maak vir die betaling van belonings aan informante, om te stipuleer dat alle gelde wat ingevolge die Wet betaalbaar is, Belasting op Toegevoegde Waarde uitsluit, om bedrae van gelde dienooreenkomstig aan te pas, om voorsiening te maak vir die betaling van sekere koste waar 'n skulderkenningsboete betaal word, om die wet betreffende belasting wat deur die houers van boekmakerlisensies betaalbaar is, te konsolideer, en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:—

**Wysiging van artikel 44B van wet 4 van 1996**

**1.** Artikel 44B van die Wet word hiermee gewysig deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Bodfooi, soos uiteengesit in paragraaf 4 van Bylae II, betaalbaar aan die Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap, **[moet]** sal deur die Raad van alle suksesvolle aansoekers om 'n casino operateurlisensie **[aan die Raad betaal]** verhaal word.

**Wysiging van artikel 75 van wet 4 van 1996**

**2.** Artikel 75 van die Wet word hiermee gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Wanneer enige persoon aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind is, of 'n skulderkenningsboete kragtens artikel 57 van die Strafproseswet (Wet 51 van 1977) betaal, sal alle koste deur die Raad of die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangegaan, insluitende enige koste vir die vervoer of berging van enige dobbeltoestelle, toerusting of enige ander ding deur middel waarvan die misdryf gepleeg is, of wat by die pleging van die misdryf gebruik is of in die besit van **[die veroordeelde]** sodanige persoon gevind is, bykomend tot enige ander boete of straf opgelê ingevolge subartikel (1) of deur sodanige persoon betaal, vir die rekening van sodanige persoon wees, tensy die Hof anders gelas."

**Vervanging van artikel 80 van Wet 4 van 1996**

**3.** Artikel 80 van die Wet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"80.** Die Raad kan, ondanks enige andersluidende bepaling van enige ander wet, 'n beloning waarvan die Raad die bedrag bepaal, uit sy fondse betaal aan enige persoon wat inligting verskaf het wat lei tot die geslaagde uitvoering van 'n lasbrief vir visentering, die beslaglegging op dobbeltoestelle, of die inhegtenisneming of skuldigbevinding van enige ander persoon vir 'n oortreding van enige bepalings van hierdie Wet.''

**Wysiging van Bylae II van Wet 4 van 1996**

**4.** Bylae II van die Wet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf 1 deur die volgende paragraaf te vervang:

**"1.** Die gelde betaalbaar ingevolge artikel 32 is soos volg:

| **Soorte lisensies** | **Nuwelisensie-aansoekgeld** |
|---|---|
| | **R** |
| Casino-operateurlisensie | **[228 000,00]** 200 000,00 |
| Beperktedobbelmasjien-operateurlisensie | **[114 000,00]** 100 000,00 |
| Beperktedobbelmasjien-perseellisensie | **[5 7000,00]** 5 000,00 |
| Bingolisensie | **[57 000,00]** 50 000,00 |
| Bingo-perseellisensie<br>Plesiertog-agentlisensie | **[5 700,00]** 5 000,00<br>**[5 700,00]** 5 000,00 |
| Vervaardigerlisensie | **[5 700,00]** 5 000,00 |
| Verspreiderlisensie | **[5 700,00]** 5 000,00 |
| Renbaanlisensie<br>Renbaan-perseellisensie | **[5 700,00]** 5 000,00<br>**[5 700,00]** 5 000,00 |
| Totalisator-operateurlisensie | **[114 000,00]** 100 000,00 |
| Totalisator-perseellisensie | **[5 700,00]** 5 000,00 |
| Boekmakerlisensie | **[5 700,00]** 5 000,00 |
| Boekmaker-perseellisensie<br>Sleutelwerknemerlisensie | **[5 700,00]** 5 000,00<br>**[228,00]** 200,00 |
| Dobbelarywerknemerlisensie | **[57,00]** 50,00''; |

*(b)* deur paragraaf 2 deur die volgende paragraaf te vervang:

**"2.** Die gelde betaalbaar ingevolge artikel 44 is soos volg:

| **Soorte lisensies** | **Jaarlikse lisensiegeld** | **Ondersoekgeld** |
|---|---|---|
| | **R** | **R** |
| Casino-operateurlisensie | **[114 000,00]** 100 000,00 | **[3 420,00]** 3 000,00 per dobbeltafel en **[2 280,00]** 2 000,00 per muntoutomaat |
| Beperktedobbelmasjien-operateurlisensie | **[57 000,00]** 50 000,00 | **[1 140,00]** 1 000,00 per beperkte dobbelmasjien |
| Beperktedobbelmasjien-perseellisensie | **[570,00]** 500,00 | **[2 280,00]** 2 000,00 |
| Bingolisensie | **[2 280,00]** 2 000,00 | **[5 700,00]** 5 000,00 |
| Bingo-perseellisensie<br>Plesiertog-agentlisensie | **[570,00]** 500,00<br>**[228,00]** 200,00 | **[2 280,00]** 2 000,00<br>**[570.00]** 500,00 |
| Vervaardigerlisensie | **[2 280,00]** 2 000,00 | **[11 400,00]** 10 000,00 |
| Verspreiderlisensie | **[2 280,00]** 2 000,00 | **[11 400,00]** 10 000,00 |

| **Soorte lisensies** | **Jaarlikse lisensiegeld** | **Ondersoekgeld** |
|---|---|---|
| Renbaanlisensie | **[228,00]** 200,00 | **[570,00]** 500,00 |
| Renbaan-perseellisensie | **[228,00]** 200,00 | **[570,00]** 500,00 |
| Totalisator-operateurlisensie | **[2 280,00]** 2 000,00 | **[57 000,00]** 50 000,00 |
| Totalisator-perseellisensie | **[228,00]** 200,00 | **[570,00]** 500,00 |
| Boekmakerlisensie | **[1 140,00]** 1 000,00 | **[4 560,00]** 4 000,00 |
| Boekmaker-perseellisensie | **[228,00]** 200,00 | **[570,00]** 500,00 |
| Sleutelwerknemerlisensie | **[57,00]** 50,00 | **[228,00]** 200,00 |
| Dobbelarywerknemerlisensie | **[57,00]** 50,00 | **[57,00]** 50,00”; |

*(c)* deur paragraaf 3 deur die volgende paragraaf te vervang:

**“3.** Die eksklusiwiteitsgelde betaalbaar ingevolge artikel 44A is soos volg:

| **Waarde van casino-ontwikkeling** | **Eksklusiwiteitsgeld** |
|---|---|
| Waar die waarde van die casino-ontwikkeling nie R175 miljoen oorskry nie | **[R570 000,00]** R500 000,00 per jaar vir ’n tydperk van tien jaar, jaarliks verhoog met die koers van toepassing op skuld aan die Staat soos van tyd tot tyd deur die Minister verantwoordelik vir Nasionale Finansies bepaal |
| Waar die waarde van die casino-ontwikkeling R175 miljoen oorskry | **[R1 140 000,00]** R1 000 000,00 per jaar vir ’n tydperk van tien jaar, jaarliks verhoog met die koers van toepassing op skuld aan die Staat soos van tyd tot tyd deur die Minister verantwoordelik vir Nasionale Finansies bepaal”; |

*(d)* deur paragraaf 4 deur die volgende paragraaf te vervang:

**“4.** Die bodfooie betaalbaar ingevolge artikel 44B is soos volg:

| **Waarde van casino-ontwikkeling** | **Bodfooi** |
|---|---|
| Waar die waarde van die casino-ontwikkeling nie R175 miljoen oorskry nie (uitgesonderd die Metropolitaanse casino-ontwikkeling) | **R5,7 miljoen]** R5 miljoen |
| Waar die waarde van die casino-ontwikkeling R175 miljoen oorskry (uitgesonderd die Metropolitaanse casino-ontwikkeling) | **[R11,4 miljoen]** R10 miljoen |
| Ten opsigte van die casino binne ’n radius van 75 kilometer van die Kaapstad Stadsaal geleë (die Metropolitaanse casino) | R135 miljoen”; |

*(e)* deur paragraaf 5 deur die volgende paragraaf te vervang:

**“5.** Die beperktedobbelmasjien-operateurgeld betaalbaar ingevolge artikel 44C is soos volg:

| **Grootte van beperktedobbelmasjien-operateur** | **Beperktedobbelmasjien-operateurgeld** |
|---|---|
| Waar die getal beperkte dobbel-masjiene nie 500 masjiene per operateur oorskry nie | **[R570 000,00]** R500,000,00 per jaar vir ’n tydperk van tien jaar, jaarliks verhoog teen die koers van toepassing op skuld aan die Staat soos van tyd tot tyd deur die Minister verantwoordelik vir Nasionale Finansies bepaal |
| Waar die getal beperkte dobbel-masjiene 500 masjiene per operateur oorskry, maar nie 1000 masjiene per operateur oorskry nie | **[R1 140 000,00]** R1 000,000,00 per jaar vir ’n tydperk van tien jaar, jaarliks verhoog teen die koers van toepassing op skuld aan die Staat soos van tyd tot tyd deur die Minister verantwoordelik vir Nasionale Finansies bepaal |

| **Grootte van beperktedobbelmasjien-operateur** | **Beperktedobbelmasjien-operateurgeld** |
|---|---|
| Waar die getal beperkte dobbel-masjiene 1000 masjiene per operateur oorskry | **[R1 710 000,00]** R1 500 000,00 per jaar vir 'n tydperk van tien jaar, jaarliks verhoog teen die koers van toepassing op skuld aan die Staat soos van tyd tot tyd deur die Minister verantwoordelik vir Nasionale Finansies bepaal'' |

, en

*(f)* deur paragraaf 6 deur die volgende paragraaf te vervang:

**''6.** Alle gelde uiteengesit in hierdie Bylae sluit Belasting op Toegevoegde Waarde **[in]** uit.''.

**Vervanging van Bylae IV van Wet 4 van 1996**

**5.** Bylae IV van die Wet word deur die volgende Bylae vervang:

**''BYLAE IV**
**Wedderybelasting (artikel 64)**

**[Ondanks enige andersluidende bepaling van Bylae III of die herroeping van die Ordonnansie op Perdewedrenne en Weddery, 1968, ingevolge hierdie Wet, word die belastings, belastingregte en heffings betaalbaar deur die houer van 'n boekmakerslisensie ingevolge dié Ordonnansie (en enige regulasies daarkragtens uitgereik), soos dit onmiddellik voor sodanige herroeping bestaan het, deur die houer van 'n boekmakerlisensie bereken, geadministreer en betaal asof die betrokke bepalings van dié Ordonnansie (en enige regulasies) nie herroep is nie; met dien verstande dat enige geld wat, ingevolge sodanige Ordonnansie en enige regulasies daarkragtens uitgereik, deur die houer van 'n boekmakerlisensie aan die Westelike Provinsie Wedrenklub betaalbaar sou wees, deur sodanige lisensiehouer aan die Provinsiale Inkomstefonds betaal moet word.]**

1. Die houer van 'n boekmakerlisensie moet van elke persoon wat 'n wenweddenskap met sodanige lisensiehouer aangegaan het ten opsigte van enige gebeurtenis of gebeurlikheid, belasting invorder teen die persentasie wat van tyd tot tyd voorgeskryf word in Regulasies ingevolge artikel 81 gemaak.
2. Die belastingtydperk ten opsigte van die houer van 'n boekmakerlisensie begin op 00:00 elke Maandag en eindig op 23:59 die volgende Sondag.
3. Die houer van 'n boekmakerlisensie moet, op die tyd en wyse wat voorgeskryf is, 'n opgawe aan die Raad voorlê ten opsigte van wedderytransaksies wat gedurende die voorafgaande tydperk aangegaan is.
4. Die houer van 'n boekmakerlisensie moet betaling ten opsigte van belastings aan die Hoof Uitvoerende Beampte doen op die tyd en wyse wat voorgeskryf is.''

**Kort titel**

**6.** Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Agste Wysigingswet op Dobbelary en Weddery, 2000.

# VERKLARENDE MEMORANDUM OOR DIE VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE WES-KAAPSE WET OP DOBBELARY EN WEDRENNE, 1996 (WET 4 VAN 1996), SOOS GEWYSIG ("DIE WET")

**1. Voorgestelde wysiging van artikel 44B van wet 4 van 1996**

1.1. Die voorgestelde wysiging aan artikel 44B maak dit duidelik dat die bodfooie wat van suksesvolle aansoekers om casino-operateurslisensies verhaal word, aan die Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap betaalbaar is.

**2. Wysiging van artikel 75 van wet 4 van 1996**

2.1. Die voorgestelde wysiging van artikel 75 maak voorsiening vir die betaling deur persone wat 'n skulderkenningsboete betaal het ten aansien van oortredings van die Wet, van alle koste deur die Raad of die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangegaan, insluitend koste vir die vervoer en berging van items waarop beslag gelê is of in die besit van sodanige persoon gevind is.

**3. Voorgestelde wysiging van artikel 80 van Wet 4 van 1996**

3.1. Hierdie voorgestelde wysiging verbreed die omstandighede waarin die Raad 'n beloning aan informante kan betaal en is genoodsaak deur praktiese oorwegings. Daar is bevind dat, indien betaling eers gedoen word by skuldigbevinding van die persoon ten opsigte van wie die inligting verskaf is, informante traag is om inligting te verskaf oor die aktiwiteite van onwettige operateurs, wat in baie gevalle deur komplekse georganiseerde netwerke beskerm word. In baie gevalle word betaling van die beloning aansienlik vertraag weens die lang tydsverloop tussen die generering van die kriminele sake en die uiteindelike verhoor daarvan.

3.2. Wanneer 'n informant tydens kriminele verrigtinge erken dat 'n beloning slegs by skuldigbevinding van die beskuldigde betaalbaar sal wees, word dit boonop gereeld as argument gebruik dat die informant 'n motief het om valse getuienis te lewer.

3.3. Groter welslae in die stryd teen die onwettige dobbelarybedryf sal waarskynlik behaal word as informante groter aansporing kry om inligting te verskaf. Daar sal gemerk word dat die voorgestelde wysiging waarborg dat geen bedrag aan informante betaal sal word nie tensy geslaagde stappe van die een of ander aard gedoen is na aanleiding van die inligting wat gegee is, insluitende die geslaagde uitvoering van 'n lasbrief vir visentering, beslaglegging op dobbeltoestelle en die inhegtenisneming van 'n persoon.

**4. Voorgestelde wysiging van Bylae II van Wet 4 van 1996**

4.1. Die voorgestelde wysigings aan Bylae II is bedoel om duidelikheid te verseker deur te spesifiseer dat Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) in alle gevalle uitgesluit is van gelde wat daarin uiteengesit is, en die geldestruktuur te wysig om dit aan te toon.

4.2. Die rasionaal vir hierdie wysiging is dat die Raad, wat sekere van hierdie gelde vir eie rekening ontvang, soos aansoekgelde om nuwe lisensies en jaarlikse ondersoekgelde, aanspreeklik is vir BTW en daarvoor geregistreer is.

4.3. Daar moet egter 'n duidelike onderskeid getref word tussen hierdie situasie en die situasie waar gelde regstreeks aan die Provinsiale Inkomstefonds betaalbaar is, of waar die Raad as 'n agent vir die Provinsiale Administrasie bloot gelde invorder wat dan in die Provinsiale Inkomstefonds gestort moet word. In laasgenoemde geval is BTW nie betaalbaar nie, aangesien die Provinsiale Administrasie nie aanspreeklik is vir BTW nieen ook nie daarvoor geregistreer is nie.

4.4. In sy huidige vorm bepaal die Wet dat alle gelde wat in Bylae II uiteengesit is, BTW insluit, wat natuurlik nie korrek is nie. Daar word derhalwe voorgestel dat elke kategorie gelde wat betaalbaar is, individueel gewysig word ten einde die persentasie daarvan wat bedoel is om die BTW-bedrag te

verteenwoordig, te verwyder. Die uitsondering is die bodgeld wat ten opsigte van die Metropolitaanse casino betaalbaar is en wat, ooreenkomstig die oorspronklike bedoeling, beoog is om net so, as die bedrag soos uiteengesit, aan die Provinsiale Regering oorbetaal te word en dus dieselfde bly, al sluit dit nie BTW in nie.

4.5. Dit is ook nodig om die sambreelbepaling in Bylae II, waarvolgens alle gelde daarin gelys, BTW insluit, te wysig ten einde dit duidelik te stel dat BTW uitgesluit is in die geval van alle gelde wat gelys is.

4.6. Ooreenkomstig bogenoemde doelwitte:

4.6.1. verminder die voorgestelde wysiging aan paragraaf 1 van Bylae II die bedrae van aansoekgelde ten opsigte van nuwe lisensies met die gedeeltes daarvan wat oorspronklik bedoel was om BTW te verteenwoordig;

4.6.2. verminder die voorgestelde wysiging aan paragraaf 2 van Bylae II die bedrae van die jaarlikse lisensie- en ondersoekgelde met die gedeeltes daarvan wat oorspronklik bedoel was om BTW te verteenwoordig;

4.6.3. verminder die voorgestelde wysiging aan paragraaf 3 van Bylae II die bedrae van die eksklusiwiteitsgelde wat aan die Raad betaalbaar is met die gedeeltes daarvan wat oorspronklike bedoel is om BTW te verteenwoordig;

4.6.4. verminder die voorgestelde wysiging aan paragraaf 4 van Bylae II die bedrae van die bodgeld wat ingevorder moet word ten opsigte van casino-operateurlisensies, uitgesonderd dié ten opsigte van die Metropolitaanse casino, met die bedrae daarvan wat oorspronklik bedoel is om BTW te verteenwoordig;

4.6.5. verminder die voorgestelde wysiging aan paragraaf 5 van Bylae II die bedrae van die beperktedobbelmasjien-operateurgelde wat aan die Raad betaalbaar is, met die gedeeltes daarvan wat oorspronklik bedoel was om BTW te verteenwoordig, en

4.6.6. bepaal die voorgestelde wysiging aan paragraaf 6 van Bylae II dat BTW uitgesluit is in die geval van alle gelde wat in die Bylae gelys is.

**5. Voorgestelde vervanging van Bylae IV van Wet 4 van 1996**

5.1. Die voorgestelde vervanging van Bylae IV is bedoel om die Wet te konsolideer sover dit die betaling van belastings deur die houers van boekmakerlisensies aangaan en sodoende enige potensiële onsekerheid oor die kwessie van belastings wat deur sulke lisensiehouers betaalbaar is, uit die weg te ruim.

5.2. Die voorgestelde Bylae IV sit die posisie aangaande die betaling van belastings in breë trekke uiteen. Dit stipuleer dat belasting op wenweddenskappe betaalbaar is teen 'n persentasie wat by regulasie voorgeskryf moet word, spesifiseer die belastingtydperk en handel in die breë met die indiening van opgawes en die betaling van belastings deur lisensiehouers. Die gevolg van hierdie wysiging is dat die Ordonnansie op Perdewedrenne, No. 34 van 1968, nie meer van toepassing is nie, en die posisie word alleenlik deur die Wet en die Regulasies gereguleer.

# *SUID-AFRIKA EERSTE –*
# KOOP SUID-AFRIKAANS VERVAARDIGDE GOEDERE